# Abstrak het trefkrag

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe gaan van maandeliks van krag tot krag.

Die klub se junior-fotograwe se talent neem toe en gee die meer ervare fotograwe goed opdraande met die kwaliteit van hulle inskrywings.

Tydens die Mei-klubaand was die tema "abstrak".

Meester-kandidaatfotograaf Jan Jacobs, se ***Leaping into a black hole***, is as waardige wenner aangewys.

In die monochroom-afdeling is klubvoorsitter Koos Fourie se ***Deur die modder*** as die wenfoto aangewys.

In die oop-afdeling waar enige foto vertoon mag word, is Haig Fourie (Meester-bronsfotograaf) as die senior-wenner aangewys met sy inskrywing, ***Red Eyes***. In die tweede plek is Koos Fourie se foto ***Rising Mist***.

In die junior-afdeling is Dion Zijlstra (3 Ster-fotograaf) die wenner met ***Groen sprinkaan op grashalm***, en Susan Jacobs (2 Ster-fotograaf) tweede met ***Old Harbour***.

Fotografie as kunsvorm is besig om met rasse skrede vooruit te beweeg en daarom het die klub 'n nuwe kategorie, nl. *Composites/Visual art* (saamgesteldefoto's) daargestel.

Meester-silwerfotograaf Hennie Karsten se ***Spinning Harley*** is die wenner. Hierdie foto is uit sowat 150 verskillende vlakke (layers) saamgestel.

Die klub kom maandeliks op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium in Vanderbijlpark byeen.

Alle belangstellende fotograwe is welkom.

Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30.

Die volgende klubbyeenkoms vind plaas op 15 Junie en die maandonderwerp is *Sport*. Vir meer inligting kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za.

Die klub se opwindende, opgedateerde webtuiste http://www.vdbp-photo.org/ kan besoek word vir inspirerende foto's en berigte. Besoek ook hul facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.



Jan Jacobs se Leaping into a black hole.



Koos Fourie se Deur die modder.



Dion Zijlstra se Groen sprinkaan op grashalm.



Hennie Karsten se Spinning Harley.



Haig Fourie se Red Eyes.